# Liturgiese Riglyne

**N A G M A A L**

**S O N D A G O G G E N D 09:00**

## Rus tot Eer van die Here

**Skriflesing**:
Levitikus 25:1-13
(2020)

**Teksvers**:
Levitikus 25:2-4

**Sing**:
Ps 92:1,6,7
Ps 43:5
Ps 23:3
Ps 116:1,2...
Ps 84:2,6
Sb 13-3

**Prediker**: Ds Lourens Venter

Ons lewe in 'n rustelose wêreld. Veral hier in die stad beleef ons die rusteloosheid van altyd besig wees, altyd nog werk, altyd nog iets wat gedoen moet word. Maar daar is ook 'n ander soort rusteloosheid: 'n onrus van die gewete; 'n rustelose siel wat net nie tot bedaring kan kom nie.

Oor hierdie rusteloosheid het die bekende kerkvader Augustinus opgemerk: *U het ons vir Uself gemaak, en ons harte is rusteloos totdat ons rus vind in U*. Die sabbat, sowel as die sabbatsjaar en die jubeljaar het 'n pertinente kenmerk van rus, van herstel.

Vanoggend gaan ons saam ondersoek instel oor wat dit beteken om te rus tot eer van die Here.

**S O N D A G A A N D 18:00**

## Losgekoop uit slawerny!

**Skriflesing:**
Gal 4 (1983)

**Teksvers**:
Gal 4:4-7

**Sing**:
Ps 107:1,10
Sb1-2:2
Ps 124:3,4
Ps 103:1,2
Ps 116:1,5,7Sb 13-3

**Prediker**: Ds Maarten van Helden

In aansluiting by die vrylating van slawe in die Herstel/ Jubeljaar (Lev 25) , asook die vrywillige slawerny (soos ons dit in die huisgodsdiens die afgelope week leer ken het) (Dt15), lees ons van onsself as losgekoopte slawe.

Die wonder hiervan word duidelik as ons selfs lees dat Jesus die vorm van 'n slaaf aangeneem het (Fil 2).

Waaraan is jy verslaaf?



KOMMUNIKAATJIE
Gereformeerde Kerk Centurion

DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA
DIE POORTE VAN DIE HEL SAL DIT NIE OORWELDIG NIE

Jaargang 50 Nr 02 26 Januarie 2025

# Wanneer ons die onbekende ingaan

Wanneer ons die onbekende ingaan soos byvoorbeeld 'n nuwe jaar wat vir ons voorlê is daar altyd onsekerheid in ons hart en gemoed. Ons verwagtinge en toekomsplanne word maklik in die wiele gery deur onbeplande dinge wat gebeur. Dinge waaroor ons geen beheer het nie.

Ons kan ons egter as gelowiges nie daardeur laat onderkry, of terugsit en depressief en ongemaklik raak vir die onbekende wat voorlê nie. As ons Jesaja 42 lees, dan word dit duidelik aan die volk gesê (wanneer hulle die donker onbekende ingaan en nie weet wat voorlê nie) sal die Here die ongelyke plekke voor hulle gelyk maak en die donker in lig verander.

Jesaja 42:16 "*Ek laat die blindes loop op 'n pad wat hulle nie ken nie, ek laat hulle op paaie gaan wat vir hulle onbekend is. EK verander die donker voor hulle in lig en Ek maak die ongelyke plekke gelyk. Dit is wat Ek gaan doen, Ek gaan daar nie van afsien nie.*"

Die Here maak 'n belofte in hierdie hoofstuk en in hierdie vers naamlik dat Hy die onbekende pad wat vir ons voorlê in 2025, met sy woord, sy nabyheid, liefde en genade gaan belig, dat ons die onsekerheid kan ingaan wetende dat ons pad reeds vir die jaar belig is. HY het tog reeds ons blinde paaie met die koms van Sy Seun Jesus Christus verlig, toe hy ons blindheid weggevat het en dit vervang het met die ewige lig.

Ons kan nie anders as om opgewonde en bly te wees, te *Jubel* oor die feit dat ons 'n persoonlike verhouding met die enigste ware God het. Hy vat nie die blindheid weg nie en hy vat nie die ongelyke paaie weg nie, maar Hy loop langs ons en help ons deur die onbekende- en ongelyke beligte paaie.

Die Heilige Gees lei ons gees elke dag om ons fokus op God te hou. Mag jy ook die nabyheid van God drie-eenheid ervaar in die jaar wat voorlê met die sekerheid dat jy nie alleen loop nie.

# *ALGEMENE INLIGTING*

***EREDIENSTYE***

Afrikaanse Oggenddiens: 09:00
Engelse Diens: 11:00
Afrikaanse Aanddiens: 18:00

Ds Maarten van Helden: 072 143 1855
Ds Lourens Venter: 082 529 2330

Telefoon: **012 664 2614**
*Kantoorure:* ***Ma-Do*** *08:15 - 13:00*
Epos: Kerkkantoor—**kerkkantoor@gkcenturion.co.za**

Basdenlaan 226
Lyttelton

***Inhandiging van Kommunikaatjie-berigte sluit Woensdae om 12:00***

- - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - -

**NUWE INTREKKERS:** Nuwe intrekkers word gevra om na die erediens voor by die klavier aan te meld.

**VIDEO UITSENDINGS** Volg skakel op gemeente se webblad **gkcenturion.co.za** of ons internetskakel **stroom.gkcenturion.co.za**

**EREDIENSTE OP INTERNET:** http://kerkdienstgemist.nl/assets/516 (direk of opname).

**LUISTER NA EREDIENSTE OP SLIMFOON**: TOEP: **Kerkdienst Gemist.**

**BIBLOS BYBELVERSPREIDINGSPROJEK:** Esmé 083 381 6428/esmel.prins@gmail.com.

**KATKISASIE**: Vandag: Les 1, Ps 9:1,7 Volgende week: Les 2, Ps 75-1:1

**KLEUTERKATKISASIE**: (2-5jr): Ouers neem asb u kleuters ná Skriflesing na die kleuterklas.

## KOLLEKTES

| | |
|---|---|
| Vandag: **Barmhartigheid** (tydens erediens ) | Vandag: **Kerkkas** (by die deure) |
| Volgende week: **Barmhartigheid** | Volgende week: **Biblos** |

**Kerk se bankbesonderhede:**
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 409

**Inbetalings vir die Diakonie:**
Rek Naam: Diakonie Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 280 589

**Inbetalings vir die Susters:**
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion Susters
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 417

**Maandelikse bydraes dmv EFT**—Verwysing: Voorletters (almal) en Van sowel as Wyk nr stuur bevestigende epos aan admin@gkcenturion.co.za



# VAN DIE KERKRAADSTAFEL

**Ter Approbasie:**

Oudl: Marno Hermann

**Onthef van die roeping as diaken:** Alwyn Kotzé

**Ontslag** word toegestaan op **16 Feb 2025** tydens die aanddiens, aan:

Oudl: Christiaan Nijeboer, Ruan Badenhorst

# Attessake soos op 23 Jan 2025

**Met attestaat aangesluit**

Minderd en Riana Spoelstra en 1 dooplidmaat van GK Rooihuiskraal (C13)

Esté Spoelstra van GK Rooihuiskraal (C13)

Henk en Madré Kotzé van GK Randburg (A01)

Nina Wattel van GK Nelspruit (B17)

**Opgeneem**

Heinrich Bouwer (C05)

Karla Reynecke van NG Kerk ruin Kempton Park (C08)

**Met attestaat vertrek**


Hermi (Pelser) Grobler na GK Komatipoort (A05)

Ben en Louise van der Walt na GK Stilbaai (A13)

Riaan en Clariska Wattel na GK Welkom (B17)

**Vertrek sonder attestaat**

Johanndri de la Porte (A09)




**Beskikbaar by die kerkkantoor @ R130.**
Bring asb die korrekte kleingeld of
EVT bewys.

# *Nagmaal*

Die Sakrament van die Heilige Nagmaal geskied vandag tydens al drie ons eredienste. Daar is geen ete na die erediens.

## Jan die Koperkan



Voor by die hoofingang van die kerk staan 'n koperkan.

Kom skenk gerus al u koper/silwer geld wat rondlê.

Alle gelde wat daarin gegooi word, word geskenk vir ons teologiese studente.

Baie dankie vir almal wat hierdie projek van ons so mildelik ondersteun.

## Nuusbrokkies

U kan nuusbrokkies vir ons gemeente kwartaalblad stuur aan lourensjeventer@gmail.com

## Volwasse Toerusting vir nuwe lidmate

Enige persoon wat by die gemeente wil aansluit en of lidmate wat belangstel vir 'n bietjie opfrissing van jou kennis, kan die toerusting bywoon.

Die volwasse toerusting begin Dinsdag, **4 Feb om 18:00** in die konsistorie

Bevestig asb met ds Lourens 082 5292 330/

Kerkkantoor 012 664 2614



# *Verjaarsdae*

## Belydende lidmate

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 27-Jan | Annelie | Louw | C10 | 0796910128 |
| | Hermien | Prinsloo | C13 | 0832855464 |
| | Philip | Vorster | A17 | 0834175655 |
| 28-Jan | Thinus | de Klerk | A04 | 0834414301 |
| | Lindie | de Souza | A11 | 0797329729 |
| | Lize | Johl | A02 | 0810130185 |
| | Dirk | Klöckner | E01 | 0822163768 |
| | Vaughan | Loots | B01 | 0824519598 |
| 29-Jan | Luan | Potgieter | B01 | 0713724137 |
| 30-Jan | Tewis | Groenewald | C10 | 0824126173 |
| | Willie | Jordaan | C09 | 0726355172 |
| | Christiaan | Nijeboer | A05 | 0718788888 |
| | Driekus | Pieters | C07 | 0828798423 |
| | Dries | Roos | B09 | 0825721492 |
| | Anna-Marie | v Staden | A15 | 0829407111 |
| 31-Jan | Frans | Brand | C08 | 0767414193 |
| | Martelie | Burger | A12 | 0737223587 |
| | Vernon | Morton | A07 | 0832321384 |
| | Jan | Nel | C11 | 0823795935 |
| | Mieke | vd Heever | C02 | 0817938279 |
| 01-Feb | Chané | Beumer | A03 | 0834418095 |

## Dooplidmate

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 26-Jan | Leané | Human | C03 | 0820967678 |
| 28-Jan | Klara | Jooste | A04 | 0720429738 |
| 29-Jan | Resegofetse | Masie | E01 | 0730994955 |
| 30-Jan | Jaydon | Rousseau | B12 | 0849523386 |
| 31-Jan | Kara | Holtzhausen | C05 | 0834128969 |
| | Matthys | Louw | C10 | 0796910128 |
| 01-Feb | Henro | Posthumus | A09 | 0828740421 |

# *Ons gee om vir Mekaar*

***"...God ontferm Hom oor ons."*** *Ps. 116:5*

- Cora Badenhorst sterk aan in Groenkloof Stepdown na 'n knievervangingsoperasie (B14—654 7537).
- Lina Schutte sterk aan in Unitas hospitaal (A12—082 563 4487).
- Ria Vorster sterk aan in die hospitaal (A17—435 8845).
- Martie Erasmus sterk aan in Unitas hospitaal (C4—082 817 6917)
- Elise Snyman ondergaan komende week 'n rugoperasie te Eugene Marais hospitaal (C14—084 491 1947).

**Meelewing** word betuig met:

- Hein en Hilda Kaiser en familie na die afsterwe van Hein se suster.
- Familie en vriende van Annetjie Cilliers wat gedurende die week oorlede is. Troosdiens vind plaas op Vrydag 31 Januarie om 11:00 te Myrdalweg 34, Valhalla.

***Ons lidmate word aan die liefdevolle versorging van die Here opgedra***

## *Alethea Outreach 11:00*

Worship Service
Like us on facebook:
https://www.**facebook**.com/aletheaministry/
Passage: Leviticus 25:1-13
Rev Lourens Venter

Nie-bestraalde, ongefilterde, **multiflora heuning** 500g teen R100. Kontak Yolanda Loots 061 266 2161. Aflewering kan gereël word.

**Bernina @ Saxby**—Verkope van alle Bernina en Bernette naaldwerkmasjiene en omkapmasjiene. Diens en herstel van alle fabrikaat naaldwerkmasjiene. Dalena Kruger 072 794 2728.

**Huis te huur**—Valhalla, 4 sk, 2 bk en 2 mh. Kontak Corne Smuts by 082 889 9691.

**Meenthuis te huur**, Clubview R8500 pm. 2 sk, 1.5 bk, gasstoof, 2 x onderdak parkering, stoep en klein tuintjie. Riaan Wattel: 082 529 2969.



**Besorg asb die blompot terug indien u Sondag die ruiker ontvang het. Dankie.**



GK Centurion Wit Olifant II

Baie dankie aan Ds. Maarten se bydrae aan die groep. Tjaart vd Walt neem nou die leisels van die Ruil en Verkoop groep oor.

Skakel gerus vir Tjaart indien u op die groep geplaas wil word 0828242933.

**DIE GELOOFSBELYDENIS VAN NICEA 1700 JAAR LATER: GESKIEDENIS EN IMPAK**

In 2025 vier die kerk van Christus die 1700ste bestaansjaar van die Geloofsbelydenis van Nicea. Hierdie geloofsbelydenis is 'n belangrike verklaring van die ortodokse geloof van die vroeë Christelike kerk, en word steeds deur verskeie kerke regoor die wêreld as 'n geloofsbelydenis gebruik.

**Datum**: Vrydag die 14 Februarie 2025
**Plek**: Kamer 204 van die Fakulteit Teologie, NWU, Potchefstroom / Aanlyn
**Koste**: In persoon: R350
Aanlyn: R200
Konferensiegelde moet asb. voor/op 1 Februarie 2025 in die volgende rekening inbetaal word:

In die Skriflig, ABSA, Tjekrening: 670411664, Takkode: 632005, Verwysing: GTW2025+Van

E-pos asb. jou bewys van betaling na albert.coetsee@nwu.ac.za

Volledige program is op kennisgewingbord

**Wêreldbeskouing opleiding**

GK Rooihuiskraal

Vrydag 7 Feb om 18:30 en

Sat 8 Februarie vanaf 08:00

**Spreker:** Johannes Aucamp

Die kostes beloop R200 pp en kan op die dag betaal word.

Kontakpersoon: Thinus Hermann

thinus@tisi.co.za of 079 502 7515





## Die Wyse Gryses

DV Maandag 3 Februarie 2025

om 10:00 in die kerksaal

Ons wil graag die jaarprogram bespreek en daarna gesellig saamkuier.

Kom met interessante voorstelle om ons Jubeljaar met vreugde te vier!

Almal hartlik welkom!!

## TEESKINKBEURTE

Instruksies vir die regsit voor die diens, skink en opruim na die erediens is in die kombuis opgeplak.



**26 Januarie**

Rina Venter (sameroeper)

Belydenis klas (ouers)

**2 Feb**

Lize Dekker (sameroeper)

Gr 1 (ouers)

